Die Voortrekkers

Prosedure vir die borduur van die Voortrekkerwapen en naam "Die Voortrekkers" op Aktiewe Voortrekkerdrag deur besighede buite die Voortrekkerdepot se verskaffers

Die Hoofbestuur het 'n aanbeveling goedgekeur dat kommando's toegelaat word om die voortrekkerwapen en naam "Die Voortrekkers" in hul plaaslike omgewing op aktiewe drag te borduur.

Dit moet egter baie duidelik gestel word dat nie enige borduur masjien die wapen en naam in dieselfde korrekte kwaliteit sal kan borduur nie. Masjiene met 6 en meer naalde word aanbeveel om die proses vir Voortrekkerkommando's te vergemaklik.

Die prosedure wat Voortrekkerkommando's moet volg is:

1. Die Voortrekkerkommando moet 'n kort motivering na die Voortrekkerdepot stuur (vtdepot@iafrica.com) rakende hoekom die voortrekkerkommando die borduurwerk plaaslik wil doen;
2. Die TG: Voortrekkerdrag sal dan die motivering binne 14 dae oorweeg vir verdere handeling;
3. Die Voortrekkerkommando sal na goedkeuring van die motivering 'n fisiese proef van die borduurwerk moet indien by die Voortrekkerdepot alvorens enige borduurwerk plaaslik gedoen mag word;
4. Die proses vir die verkryging van die proef is as volg:
    i. Die Voortrekkerdepot sal die voortrekkerkommando bystaan om in verbinding te kom met die diensverskaffer van die Voortrekkerdepot wie die borduurwerk in Pretoria hanteer;
    ii. Dié diensverskaffer sal dan teen 'n minimale fooi met die betrokke plaaslike diensverskaffer kontak en die nodige grafika, kleure, ens. verskaf sodat die plaaslike diensverskaffer die korrekte proef baie makliker kan vervaardig;
    iii. Die Voortrekkerkommando sal deur die Voortrekkerdepot gefaktureer word vir die diens van die nasionale diensverskaffer;
    iv. Die proef moet geborduur word op die kleur materiaal, van die golfhemp, wat die Voortrekkerkommando gaan gebruik vir die borduurwerk.
5. Die Voortrekkerkommando moet die fisiese proef dan aan die Voortrekkerdepot voorsien, waarna die TG Voortrekkerdrag dit sal goedkeur;
6. Sodra die Voortrekkerkommando die nodige goedkeuring vanaf die TG: Voortrekkerdrag ontvang kan hul met plaaslike borduurwerk begin.
7. Kommando's wat op die oomblik Aktiewedrag hempies in gebruik het wat hul self laat borduur het mag dit vir die lewensduur van die hempies dra. Enige nuwe aankope vir eie borduring is onderhewig aan die bepalings van punt 1 tot 6.

Die Voortrekkerdepot sal 'n register byhou met proewe van borduurwerk en diensverskaffers wat deur die TG: Voortrekkerdrag goedgekeur is.

Dit is belangrik om te meld dat hierdie deeglike proses gevolg word om te verseker dat die Aktiewe Voortrekkerdrag steeds op standaard vervaardig word. Die Voortrekkerdepot sal ook verseker dat hul eie voorraad wat gelewer word van goeie standaard is.

3 Junie 2015